SA Akademie vir Wetenskap en Kuns

Beursinligting

Naam en van: Remona Voges

Universiteit: Stellenbosch Universiteit

Meesters: X **Doktoraal:** **Postdok:**

Studierigting: Afrikaans en Nederlands

Titel van proefskrif of Verhandeling: Die hantering van die begrip 'interverbondenheid' in Antjie Krog se bundel *Mede-wete* (2014)

Datum van afhandeling: +/- Januarie 2017 **Uitslag:** CUM LAUDE (81%)

Indien u studie nog nie afgehandel is nie op watter datum beplan u om klaar te wees:

Ek het die graad in Maart 2017 ontvang.

Gee asseblief 'n kort opsomming (500 woorde) van u studie en ook die uitkomste van u studie wat die Akademie op hul webblad kan plaas.

In hierdie studie word die funksionering van die begrip interverbondenheid of 'interverbondenheid-tot-heelheid' in Antjie Krog se bundel *Mede-wete* (2014) ondersoek. Die soeke na 'n soort eenwording op verskillende vlakke dien as deurlopende onderliggende tema in die bundel *Mede-wete*. Die behoefte aan interverbondenheid, 'n begrip wat nóú saamhang met Afrika-filosofie, is 'n tema wat reg deur Krog se oeuvre aandag geniet. Krog se prosawerke *Country of my skull* (1998) en *A change of tongue* (2003), *Begging to be black* (2009), haar digbundel *Kleur kom nooit alleen nie* (2000) en haar versamelde vertaalde poësie *Met woorde soos met kerse* (2002) en *die sterre sê 'tsau'* (2004), word in hierdie studie ter kontekstualisering en as voorlopers vir die hantering van die begrip interverbondenheid in die skrywer se oeuvre bespreek.

Interverbondenheid is gefundeer in die Afrika-wêreldbeeld ubuntu, waar die verhouding tussen die self en die ander vooropgestel word. In hierdie studie word daar dus veral gefokus op verskilllende vorme van menslike verbintenisse en die belangrike rol wat die gemeenskap speel vir ubuntu om suksesvol beliggaam te word. Die beskouings van Afrika-filosowe soos John Mbiti, Ifeanyi Menkiti en Kwame Gyekye word betrek aangesien Krog in haar benadering tot interverbondenheid (wat sy afwisselend met die begrip ubuntu gebruik) by hulle beskouings aansluit.

Daar word ondersoek hoe Krog in *Mede-wete* die verbintenis tussen die self en die menslike ander uitbrei na 'n behoefte aan interverbondenheid met niemenslike entiteite, in die vorm van die planeet en die kosmos. Hierdie aspekte van die bundel word eerstens in verband gebring met Krog se inkorporering van Deleuze se proses van wording (wat ook in *Begging to be black* heelwat aandag geniet), waar alle lewende entiteite in 'n voortdurende proses van transformasie verkeer. Tweedens word Krog se verkenning van Boesman-spiritualiteit, waar die alledaagse en die bonatuurlike met mekaar verweef en interaktief is, onder die loep geneem. Daar word uiteindelik aangevoer hoe Krog in *Mede-wete* toon hoe eenwording met die niemenslike moontlik interverbondenheid tussen die self en die menslike ander kan bewerkstellig.